SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **1½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND.

   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

   AFDELING C: Beantwoord enige EEN vraag in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg en inhoud van jou antwoord voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vraag.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

## AFDELING A (Verpligtend)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die bevrediging wat ons verkry uit die verbruik van ŉ goed of diens staan as ... bekend.

A skaarsheid
B nut
C utils (2)

1.1.2 ŉ Toename in die prys van een produk lei tot ŉ toename in die vraag na ŉ ander produk, beteken dat hierdie twee produkte … goedere is.

A komplementêre
B noodsaaklike
C substitusie (2)

1.1.3 ŉ Marksituasie wat deur ŉ paar groot ondernemings oorheers word, staan as … bekend.

A monopolistiese mededinging
B ŉ monopolie
C ŉ oligopolie (2)

1.1.4 As pryse uitgedruk word in vergelyking tot ander goedere, staan dit bekend as ... pryse.

A relatiewe
B nominale
C absolute (2)

1.1.5 Die wet van dalende ... staaf dat as meer en meer veranderlike insette by ŉ vaste inset bygevoeg word, sal die opbrengs van die veranderlike inset afneem.

A nut
B opbrengs
C produktiwiteit (2)

1.1.6 Die proses van interaksie tussen die lande van die wêreld wat hul ekonomieë nader aan mekaar bring, word … genoem.

A globalisasie
B industrialisasie
C behouering (2)

1.1.7 Hierdie is ondernemings wat goedere en dienste produseer en versprei in meer as een land, gewoonlik regoor die wêreld:

A Binnelandse ondernemings
B Multi-nasionale ondernemings
C Nasionale ondernemings (2)

1.1.8 Die totstandbringing van die ... Skerpioene deur die regering maak voorsiening vir die vervolging van enige organisasie wat die omgewings-wette van Suid-Afrika oortree.

A Geel
B Rooi
C Groen (2)

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ omskrywing uit KOLOM B wat by ŉ begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–H) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Pryselastisiteit van aanbod | **A** | TVK + TVK |
| 1.2.2 | Mark | **B** | Wanneer eenheidskoste afneem en hoeveelheid toeneem |
| 1.2.3 | Monopolie mark | **C** | Het te make met basiese dienslewering |
| 1.2.4 | Totale Koste | **D** | Slegs een verskaffer van ŉ unieke produk |
| 1.2.5 | Handels-liberalisasie | **E** | Meet gevoeligheid van aanbod vir prysveranderinge |
| 1.2.6 | Volmaak onelastiese aanbod | **F** | Vrye beweging van goedere en dienste tussen lande |
| 1.2.7 | Skaalvoordele | **G** | Kommunikasie tussen kopers en verkopers van goedere en dienste |
| 1.2.8 | HOP | **H** | Verandering in prys het geen uitwerking op aanbod nie |

(8 x 1) (8)

1.3 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Kruiselingse elastisiteit van vraag meet die reaksie van die hoeveelheid aangevra, van ŉ spesifieke goed, teen die prys van ŉ verwante goed.

1.3.2 Faktormark is ŉ mark vir die koop en verkoop van goedere en dienste.

1.3.3 Multi-nasionale ondernemings mag plaaslike maatskappye uit besigheid dryf, as gevolg van hulle massiewe skaalvoordele.

Voltooi die ontbrekende woord/e in die volgende sinne. Skryf slegs die woord/e langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.4–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.4 Die geleidelike toename in die globale temperatuur van die aarde se oppervlakte, as gevolg van die kweekhuis-effek, staan as ... bekend.

1.3.5 Die verandering in totale inkome wanneer ŉ addisionele eenheid van ŉ produk verkoop word, word … genoem.

1.3.6 Die koste van die produksiefaktore en ander insette gebruik in die produksieproses, staan as ... bekend. (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B** (BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.)


**VRAAG 2** **[40 punte]**

Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

2.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'komplementêre goedere'. (2 x 2) (4)

2.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoorde die vrae wat volg.




2.2.1 Watter soort elastisiteit van vraag word in bostaande grafiek voorgestel? (2)

2.2.2 Verduidelik kortliks hierdie soort elastisiteit van vraag wat in die grafiek voorgestel word. (6)

2.2.3 Gee 'n voorbeeld van 'n produk met dieselfde soort elastisiteit van vraag, soos voorgestel in bostaande grafiek. (2)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Aantal appels | Totale nut | Marginale nut |
|---|---|---|
| 1 | 10 | 10 |
| 2 | **A** | 8 |
| 3 | 23 | 5 |
| 4 | 25 | 2 |
| 5 | 26 | 1 |
| 6 | 24 | **B** |

2.3.1 Bereken **A** en **B** in bostaande tabel. (4)

2.3.2 Definieer die begrip '*marginale nut*'. (2)

2.3.3 Teken 'n marginale nut kurwe deur data in gegewe tabel te gebruik. (4)

2.4 Verduidelik die begrip 'kruiselingse elastisiteit van vraag' kortliks. (8)

2.5 Verduidelik die begrip 'omgewings agteruitgang/degenerasie' kortliks. (8)
**[40]**

## VRAAG 3 [40 punte]

Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

3.1 Noem enige TWEE soorte onvolmaakte markte. (2 x 2) (4)

3.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die onvolmaakte mark word gekenmerk deur ŉ gebrek aan mededinging en oormatige markkrag. |

3.2.1 Gee ŉ voorbeeld van ŉ onderneming in ŉ 'monopolie mark' in Suid-Afrika. (2)

3.2.2 Verduidelik kortliks hoe pryse vasgestel word onder toestande van ŉ onvolmaakte mark. (2)

3.2.3 Noem DRIE kenmerke van onvolmaakte markte. (6)

3.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**GROEN ENERGIE**

Die Gautengse Departement van Infrastruktuurontwikkeling toon belangstelling in die ondersoek na volhoubare alternatiewe vir energie opwekking en infrastruktuur, veral in openbare geboue soos skole en hospitale.

Onder die departement se vlagskip groen projekte is ŉ projek om steenkool- en dieselaangedrewe hospitaal-warmwaterstelsels geleidelik te vervang met stelsels wat deur natuurlike gas aangedryf word, ten einde besoedeling te verminder.

[Vryelik vertaal en aangepas uit: *Mail&Guardian,* 12 Februarie 2013]

3.3.1 Wat, volgens die uittreksel, is die TWEE energiebronne wat in openbare hospitale gebruik word? (4)

3.3.2 Wat is die voordeel van die gebruik van natuurlike gas? (2)

3.3.3 Noem TWEE metodes wat aangewend kan word om die omgewing te beskerm. (4)

3.4 Verduidelik 'prysvasstelling' in volmaakte markte kortliks. (8)

3.5 Bespreek enige TWEE kenmerke van ŉ volmaakte mark. (8)
**[40]**

**VRAAG 4** **[40 punte]**

Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

4.1 Noem enige TWEE oorsake van globalisasie. (2 x 2) (4)

4.2 **DATA RESPONSE**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Hoeveelheid | Vaste Koste (R) | Veranderlike Koste (R) | Totale Koste (R) | Gemiddelde Totale Koste (R) |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 4 | 14 | 14 |
| 2 | 10 | 6 | 16 | 8 |
| 3 | 10 | 10 | **A** | |
| 4 | 10 | 16 | 26 | **B** |

4.2.1 Bereken **A** en **B** in bogenoemde tabel. (4)

4.2.2 Onderskei tussen 'Vaste Koste' en 'Veranderlike Koste'. (4)

4.2.3 Definieer die begrip '*Marginale Koste'*. (2)

4.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**KORTTERMYN EN LANGTERMYN**

Die korttermyn of die langtermyn is nie 'n definitiewe periode van tyd nie. Dit kan verskillend wees vir verskillende besighede. Dit beteken net 'n periode van tyd wat enige lengte kan wees.

[Aangepas uit: *Fokus*]

4.3.1 Onderskei tussen 'korttermyn' en 'langtermyn'. (6)

4.3.2 Definieer die begrip '*gemiddelde inkome'*. (2)

4.3.3 Gee die formule om 'totale inkome' (TI) te bereken. (2)

4.4 Onderskei tussen enige TWEE soorte wins. (8)

4.5 Onderskei tussen die begrippe 'absolute voordeel' en 'vergelykende voordeel'. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C** (BEANTWOORD ENIGE EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING.)

**PUNTETOEKENNING VIR OPSTELTIPE-VRAE**

| **STRUKTUUR VAN OPSTEL** | **Puntetoekenning** |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 3 |
| **Inhoud**<br>• Hoofdeel: Byvoorbeeld bespreek/verduidelik/ gedetailleerde opstel/ontleed/evalueer | Maks. 20 |
| • Addisionele gedeelte: Byvoorbeeld teken 'n grafiek of diagram/verwys/dui aan | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| **Interpretasie** | Maks. 5 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5**

**OPSTELTIPE-VRAAG**

Verduidelik ten volle die faktore wat die pryselastisiteit van vraag bepaal.
As toevoeging, verwys na die verskillende soorte pryselastisiteit van vraag. **[40]**

**VRAAG 6**

**OPSTELTIPE-VRAAG**

Verduidelik ten volle die uitwerking/gevolge van globalisasie.
As toevoeging, verduidelik die 'noord-suid verdeel' kortliks. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**